Gewoel agter skerms werp vrugte af

Dit is welkome nuus dat Suid-Afrikaanse bees- en skaapvleis na Saoedi-Arabië, een van die nuwe Brics-lande, uitgevoer gaan word. Gerhard Schutte, uitvoerende hoof van die Rooivleisprodusente-organisasie, sê sewe aanlegte is vir uitvoer goedgekeur, met nóg agt wat in die ry staan.

DIT was 'n spanpoging om rooivleisuitvoer na Saoedi-Arabië te verseker. Volgens Gerhard Schutte het Suid-Afrika se politici 'n aansienlike bydrae gelewer.

Hy het die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling bedank, asook die abattoirbedryf wat 'n baie groot rol gespeel het.

Die primêre bedryfsektor, bestaande uit die Rooivleisprodusente-organisasie, die organisasie vir opkomende rooivleisprodusente (Nersa), die Suid-Afrikaanse Voerkraalvereniging en die Suid-Afrikaanse Abattoirvereniging, het in Visie 2030 bepaal dat uitvoer verhoog moet word. Tans word 95% van beesvleis plaaslik verbruik en 99% van skaapvleis.

Daar is groot druk op die ekonomie wat tans gekenmerk word deur 'n lae groeikoers. Verder het produsentepryse op 'n jaargrondslag met 5% gedaal ná die covid-19-pandemie.

"Suid-Afrika se produsenteprys vir rooivleis is 30-50% laer as wêreldnorme. Die plaaslike produk is uniek en die Suid-Afrikaanse klassifikasiestelsel bepaal dat diere op 'n relatief jong ouderdom geslag word. Dit is daarom van 'n baie hoë gehalte. Dit is ook 'n homogene produk omdat 85% van die beeste in Suid-Afrika in voerkrale afgerond word."

Visie 2030 voorsien dat 20% van plaaslik geproduseerde beesvleis uitgevoer sal word, en 6% van skaapvleis.

Dieregesondheid

Daar word beoog dat opkomende produsente die bykomende rooivleis sal produseer. Tans behoort 40% van alle vee in Suid-Afrika aan ontwikkelende produsente, maar hulle produseer nog nie doeltreffend nie. Die mikpunt is om 280 000 speenkalwers vanuit die ontwikkelende sektor te verkry.

Dieregesondheid is een van die belangrike pilare waarop Visie 2030 berus. Suid-Afrika het nog nie sy status as vry van bek-en-klouseer herwin wat in 2021 opgeskort is vanweë 'n uitbreking van dié siekte buite die beheerde gebied nie. Alle uitvoer vind daarom in dié stadium volgens bilaterale ooreenkomste plaas. Daarom word die geleentheid om na Saoedi-Arabië uit te voer, verwelkom.

Die rooivleisverbruik per kop in Saoedi-Arabië is van die hoogste ter wêreld. Die vraag na rooivleis in dié land groei jaarliks met ongeveer 3,4%. Verder spog Saoedi-Arabië met die hoogste inkomste per kop ter wêreld.

Die uitvoer wat ingevolge Visie 2030 in die vooruitsig gestel word, sluit ook die uitvoer van Suid-Afrikaanse teelmateriaal in. Die nasionale dieregesondheidsforum het 'n projek begin om dié protokolle af te handel.

Uitvoeradvieskomitee

Weens die toenemende krisis met die uitvoer van teelmateriaal en die dreigende verlies aan klante wat elders na bewese teelmateriaal met hoë potensiaal begin soek, het die forum begin 2023 besluit om 'n advieskomitee, die nasionale advieskomitee vir die uitvoer van teelmateriaal (NGEAC), te vorm.

Die uitsluitlike mandaat van dié komitee, met dr. Pierre van Rooyen as voorsitter, is om die direktoraat dieregesondheid met aanvoorwerk en onderhandelinge vir uitvoerprotokolle van teelmateriaal by te staan.

Dit volg ook nadat Suid-Afrika sy status as vry van bek-en-klouseer in 2021 verloor het. Dit het daartoe gelei dat teelmateriaal nie meer na Suid-Afrika se buurlande, verskeie Europese lande en Suid-Amerikaanse lande uitgevoer kan word nie. Stoettelers verloor gevolglik miljoene rande aan inkomste.

Inheemse rasse gewild

Daar is 'n groot vraag na Suid-Afrikaanse teelmateriaal (lewende diere, embrio's en semen) van feitlik alle plaasdiere, maar veral inheemse rasse en selfs honde. Buurlande en verskeie Europese en Suid-Amerikaanse lande voer van dié materiaal in.

Die belangrikste redes vir die gewildheid van veral inheemse rasse is die integriteit van plaasdiertelers en die standaard van hul diere-aantekening; die gehardheid, aanpasbaarheid en maklike hanteerbaarheid; asook hul bewese meerderwaardige produksiewaarde.

Die behoefte aan teelmateriaal uit Suid-Afrika van telers en rooivleisprodusente is dus om hul diere se genetiese produksiepotensiaal te kan verbeter. Só is dit dekades lank die gebruik van veral stoet- en kommersiële rooivleisprodusente uit buurlande om stoetveeveilings van verskeie rasse in Suid-Afrika te ondersteun.

Voordat die komitee aktief met sy werksaamhede kon begin, moes die direktoraat dieregesondheid eers 'n opdrag deur die direkteur-generaal van die departement goedkeur.

Tot dusver het die komitee die volgende bereik:

- Die protokol vir die uitvoer van teelmateriaal, veral groot hoeveelhede Dorper-embrio's na Rusland, is afgehandel en in November 2023 aan Rusland voorgelê. Dit is aanvaar en uitvoer sal eersdaags begin.
- Die protokol vir uitvoer na Kazakstan is afgehandel en aan die direktoraat dieregesondheid oorhandig vir versending.
- Daar word tans dringend aandag gegee aan die protokol vir uitvoer na Paraguay en Brasilië, asook Armenië.
- Dringende stappe word gedoen om uitvoer na Namibië en Botswana te hervat. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
DIE BERIG IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**
E-POS: **rpo@lantic.net** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**